

Christus se nagwoord aan 'n bekommerde sendeling

In Korinte, Paulus se volgende bestemming, het dit baie anders as in Atene verloop. In vers 10 sê die Here uitdruklik dat hier baie mense is wat aan Hom behoort. In hierdie handelstad met mense van allerlei nasionaliteite, kry Paulus geleentheid om 18 maande lank sendingwerk te doen. Dit gebeur nie sonder stryd en teenstand nie. Omdat Korinte 'n handelstad was, het die paaie van die wêreld daardeur geloop. Dit beteken dat ook slegte mense en dinge van baie plekke daar saamstroom. By sy aankoms het Paulus dit as 'n baie harde werkplek beleef. Uiteindelik was hy verplig om vir die Jode te sê: "As julle verlore gaan, is dit julle eie skuld" (vs 6). Korinte was ook 'n stad van geweld. Selfs Sostenes, die hoof van die sinagoge, is reg voor die regbank aangerand. Baie sendelinge het al die ervaring gehad om jare lank in 'n heidense omgewing te werk, sonder dat daar een enkele bekeerling was. Alle pogings loop dood teen 'n muur van harde ongelooft. Paulus het ook so 'n tyd beleef. In 'n nagtelike visioen besoek die Here Jesus hom om hom moed in te praat.

- "Moenie bang wees nie ..." Dit is 'n woord wat in 'n besondere sin ook in ons tyd van toepassing is en tot ons gerig word.
- "Hou aan met preek en moenie stilbly nie." As daar een ding is wat elke mens nodig het, is dit om die evangelie te hoor en óns moet die boodskap bring. Daarom sê die Here ook aan elkeen van ons: Moenie swyg nie.
- "... Ek is by jou." Hierdie versekering van Jesus aan Paulus is ook ons troos in 'n onverskillige en vyandige omgewing waar ons as getuies optree.
- "... in hierdie stad behoort baie mense aan My." Christus ken hulle vir wie Hy gesterf het. Juis daarom moet die Woord van die lewe uitgedra word.

Die vrug van die naggestig? Met moed het Paulus sy taak opgeneem en die mense onderrig in die Woord (vs 11). Onwillekeurig dink ons aan ons groot stede, brandpunte van kultuur, brandpunte ook van die sonde. Nie swyg nie, maar praat, lui die opdrag aan Paulus. Hierdie woord geld ook vir die kerk vandag. Dit kom na jou en my. Getuies vir Jesus Christus moet ons wees, deur woord en lewe, tot in die brandpunte van die sondelewe toe! Maar ons is dikwels ontrou en skuldig. Hier pas verootmoediging én bekering!

Sing: Psalm 8:1, 3, 4, 7

Prof F Denkema (Emeritus)